Met die oog op die TIP 2025, is 'n vraelys aan alle voorgraadse modulekoördineerders gestuur om hul insette te verkry (met inagneming van studenteterugvoer wat hulle in 2024 ontvang het, geprojekteerde studentgetalle, pedagogiese benaderings, beskikbaarheid van personeel en geprojekteerde werkstewysing vir 2025). Insette van studente is by wyse van moduleterugvoer en terugvoer via formele kanale bekom. Alle terugvoer is in hierdie verslag saamgevat.

2) Doelwitte van die TIP en veeltaligheid

Die hoofdoel van die TIP is om 'n bydrae tot US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 te maak. In die lig van die Fakulteit se leergerigte benadering tot onderrig en leer, moet die taalplan aan die behoeftes en taalvoordele van fakulteitstudente voldoen. Deur daaraan te voldoen, fasiliteer die TIP die verwesenliking van die kern- strategiese temas van veral (1) 'n transformerende studente-ervaring en (2) netwerkvormende en samewerkende onderrig en leer.

Hoewel die TIP die onderrigtaal van formele lesings en leerstof bepaal, is dit slegs een komponent van die leergerigte benadering tot leer en onderrig. Die Fakulteit gebruik tradisioneel verskeie aanvullende en gefasiliteerde kontakleergemeenthede bo en behalwe

² Hierdie plan vervang alle vorige weergawes en is NET van toepassing op die 2025 akademiese jaar.

formele lesings, bv. 'n wye reeks tutoriale en informele portuur-mentorskapgeleenthede. Dit bied 'n geleentheid om veeltaligheid te bevorder.

Die meeste tutoriale en praktiese sessies word in dubbelmedium (waar Afrikaans sowel as Engels in dieselfde lesing gebruik word) aangebied. In dié geval is dosente en/of tutors beskikbaar om studente in hul voorkeurtaal te help.

Sover moontlik word een-tot-een gesprekke in die student se voorkeurtaal gevoer. Dosente wend 'n daadwerklike poging aan om isiXhosa te leer om met studente in hul huistaal te kan kommunikeer; selfs al is dit op 'n basiese vlak. Generatiewe Kl-hulpmiddels word ook ingespan om met studente in hul voorkeurtaal te kommunikeer.

Verskeie modules gebruik Mobilex of ander woordelyste om studente met hul leerwerk te help (bv. Statistiek 214, Inleiding tot Ekonomiese Finansiële Rekeningkunde 178). Eweknie-leer word ook gebruik om veeltaligheid te bevorder tydens interaktiewe lesings, groepwerk vir assessorings en tutoriale/praktiese sessies.

Bo en behalwe die meer informele, gefasiliteerde leergeleenthede, het sommige modules doelbewus dubbelmedium as taalspesifikasie gekies om pedagogiese doelwitte te bereik (bv. 'n verskeidenheid standpunte) wat veeltaligheid kan help ontwikkel.

3) Taalgebruik in onderrig en leer

Die taalspesifikasie vir elkeen van die Fakulteit se modules in 2025 word in Aanhangsel A vervat en sluit die volgende oopsies per jaargroep vir volkontak-modules in:

Jaargroep	Aparte lesings in Afrikaans & Engels	Afrikaans & Engels albei in dieselfde lesing	Slegs Engels
Eerste jaar	12	5	14
Tweede jaar	0	23	23
Derde jaar	0	38	32

Die Fakulteit sal voortgaan om voorgraadse B-grade en voorgraadse diplomaprogramme in die volgende taalopsies aan te bied: aparte lesings in Afrikaans en in Engels (A/E of parallelmedium; 7.1.3 in die US-taalbeleid); beide Afrikaans en Engels word in dieselfde lesing gebruik (A&E of dubbelmedium; 7.1.4 in die US-taalbeleid); of, in uitsonderlike gevalle, word sommige modules slegs in een taal aangebied (A|E|X of enkelmedium; 7.1.5 in die US-taalbeleid). In die laasgenoemde geval word intydse tolking voorsien na gelang van behoefté en haalbaarheid.

Alle voorgraadse diplomaprogrammodules by die Skool vir Publieke Leierskap (SPL) sal steeds in enkelmedium (Engels) aangebied word. Dit is deur die studenteprofiel, afleweringsmetode (insluitend die hibriede metode) en studentegetalle genoodsaak. Die (voorgraadse) Diploma in Volhoubare Ontwikkeling en die Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling maak albei grotendeels staat op ervaringsleer; derhalwe leen die pedagogiese benadering hom nie tot intydse tolking nie, bv. sessies word in die buitelug by toepaslike terreine aangebied en sessies sluit praktiese leer, groepwerk, veldwerktoere, ens. in. In beide hierdie programme verwys onderrig wat van aangesig tot aangesig plaasvind, nie na tradisionele lesings nie.

Die programme beskik oor relatief klein studentegetalle en studente se kultuur, taal en agtergrond verskil grootliks. Die fasilitateerders van die programme is meestal ad hoc personeel van buite die Universiteit wat nie Afrikaans of isiXhosa magtig is nie en derhalwe nie in hierdie tale onderrig kan gee nie.

Alhoewel daar aangedui word dat hierdie modules in enkelmedium (Engels) aangebied word, is daar steeds plek vir veeltaligheid in die programme, bv. studente gebruik hul voorkeurtaal om idees in kleingroepe te bespreek. Fasilitateerders wat ander tale magtig is, kommunikeer met kleingroepe in daardie tale. Weens die aard van die sessies en die metodes wat gebruik word, help studente mekaar wanneer hulle dit moeilik vind om hulself in Engels uit te druk. Die program maak voorsiening vir ondersteuning om studente se kommunikasievārdighede te ontwikkel ongeag hul eerste taal, bv. by wyse van inisiatiewe soos geskeduleerde sessies by die Skryflaboratorium, die ReadTheory-program (om studente te help om met begrip te lees) en Strategiese Kommunikasie-modules.

Die Diploma in Openbare Aanspreeklikheid en die Gevorderde Diploma in Openbare Aanspreeklikheid het albei 'n baie spesifieke teikenmark (munisipale werkers). In dié geval word Engels as 'n universele, professionele taal beskou en is dus die gekose onderrigtaal.

3.1. Veranderings aan die taalspesifikasie van voorgraadse modules in 2025

Die Fakulteit het opeenvolgende jare met 'n hoë eerstejaarsinskrywingskoers beleef. Dit het tot meer klasgroepe en lokaalkapasiteitsbesperkings aanleiding gegee. Terselfdertyd het personeel gerapporteer dat studente Afrikaanse groepe baie swak bywoon. Om die Fakulteit se lokale die beste te benut, met inagneming van die beskikbare personeel en hul taalvaardighede, is veranderings aan die taalspesifikasies van modules aangebring wat deur die Fakulteit aangebied word. Dit geld veral die Departemente van Ondernemingsbestuur en Bedryfsielkunde en die Skool vir Rekeningkunde. Nuwe modules sal ook in 2025 geïmplementeer word.

Die volgende veranderings word in 2025 gemaak:

- In die **Departement Ondernemingsbestuur**:
 - Was daar 'n beduidende afname in die belangstelling vir Afrikaanse lesings en tutoriale. In die meeste gevalle het geen studente opgedaag vir Afrikaanse tutoriale nie en tussen een en 20 studente het lesings in Afrikaans bygewoon. Dit lei tot verwisting van hulpbronne wat beter aangewend kan word in ander groot groepe waar beperkings bestaan. In die verlede is alle modules van die Departement Ondernemingsbestuur in parallelmedium aangebied. In ooreenstemming met die US-taalbeleid sal alle eerstejaarsmodules steeds in parallelmedium aangebied word. Tweedejaars- en derdejaarsmodules sal vanaf 2025 in dubbelmedium of enkelmedium aangebied word.
 - In 2025 is 'n afwyking van die taalbeleid goedgekeur. Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214, Bemarkingsbestuur 214, Bemarkingsbestuur 244 en Finansiële Bestuur 332 is as dubbelmedium in die TIP van 2024 aangedui. Weens personeel indeling en personeel se taalvaardigheid is goedkeuring verleen om hierdie modules in enkelmedium (Engels) met intydse tolking in 2025 aan te bied. (Dit is by dei Fakultetsraad op 28 Februarie 2025 ter tafel gelê).

- In 2024 is 'n afwyking van die taalbeleid in die **Departement Bedryfsielkunde** goedgekeur. Bedryfsielkunde 224, 252 en 262 is as parallelmedium in die TIP van 2024 aangedui. Weens beperkte personeelkapasiteit, die personeel se taalvaardigheid en klein Afrikaanse groepe (12 – 50 Afrikaanse studente vs 230 – 270 Engelse studente) en swak bywoning van die Afrikaanse groepe (2 – 5 studente per lesing), is goedkeuring verleen om hierdie modules in enkelmedium (Engels) met intydse tolking in 2024 aan te bied. (Dit is by die Fakultetsraad op 1 Maart 2024 ter tafel gelê.) Die Departement beskik verder oor min personeel en maak staat op gekontrakteerde dosente. Aangesien die omstandighede onveranderd sal voortduur in 2025, sal hierdie afwyking in die TIP van 2025 geïnkorporeer word. Dit is nie finansieel volhoubaar om aan te hou om hierdie modules in parallelmedium vir die klein getal studente aan te bied nie.
- In die **Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap** is die veranderings:
 - Finansiële Risikobestuur 314 is in dubbelmedium in 2024 aangebied en sal in enkelmedium in 2025 aangebied word. Die Departement is bevoorreg om 'n bekroonde kundige in die veld as dosent van die module te hê. Die dosent is nie bedreve in Afrikaans nie.
 - In die 2024 TIP is Statistiek en Datawetenskap 188 aangedui as parallelmedium en praktiese sessies in dubbelmedium. Weens die aard van die module (spesifiek die Datawetenskapgedeelte) en personeelbeperkings, is die hele module egter in dubbelmedium aangebied ('n afwyking wat op 1 Maart 2024 by die Fakultetsraadvergadering ter tafel gelê is). In 2025 sal hierdie veranderde taalspesifikasie voortgesit word as gevolg van die beperkte aantal rekenaargebruikersareas en die groot getal studente wat vir die module inskryf. Die rooster laat eenvoudig nie aparte Afrikaanse en Engelse praktika toe nie en personeelbeskikbaarheid is nie voldoende vir aparte Afrikaanse en Engelse lokale nie.
- In die **Skool vir Rekeningkunde** is die veranderings:
 - Weens onvoorsiene beperkte personeelkapasiteit (een van die personeellede wat aan die betrokke modules toegewys is, was op verlengde siekteleverlof), taalvaardigheid van die beschikbare personeel en die aard van die moduleinhoud (sageware, KI, digitale vaardighede en vaktaal wat net in Engels beschikbaar is), wyk die 2024-taalspesifikasies van die Digitale en Leierskapsvernuf vir Rekenmeesters-module af van die goedgekeurde TIP van 2024 (wat op 1 Maart 2024 by die Fakultetsraad ter tafel gelê is) en die verandering sal ook in 2025 so geïmplementeer word:
Die teoriegebaseerde eerstejaarsmodule in die eerste semester, Digitale en Leierskapsvernuf 112, wat as parallelmedium in die 2024-TIP aangedui is, sal in dubbelmedium in 2025 aangebied word (soos in 2024, met die goedgekeurde afwyking). Die module sal intydse tolking aan studente beschikbaar stel gedurende lesings.
In 2025 sal Digitale en Leierskapsvernuf 122, 142, 152, 162, 212, 245, 312 en 253 in enkelmedium (Engels) aangebied word. Hierdie modules het 'n gemengde formaat wat meer gepas is vir die module-inhoud wat onderrig word. Gedurende praktiese klasse wat van aangesig tot aangesig deur dosente en klasassistente gefasiliteer word, word studente in hierdie modules individueel ondersteun in Afrikaans of Engels (waar moontlik). Alle hoofassesseringsgeleenthede is in Afrikaans en Engels beschikbaar.
 - Hoewel Ouditkunde 288 en 388; Sake-etiek 214; Finansiële Rekeningkunde

278, 288 en 389; Bestuursrekeningkunde 278 en 288; en Belasting 298 in parallelmedium aangebied is, sal dit vanaf 2025 verander na enkelmedium (Engels) met intydse tolking na Afrikaans. Die getal studente wat vir hierdie modules inskryf, noodsak die aanbieding van modules in groepe. Terwyl die Afrikaanse groepe baie klein is (minder as 10 studente woon elke groep by), is die Engelse groepe só groot dat dit aktiewe deelname deur studente verhoed. Verder plaas dit druk op dosente wat Engelse groepe onderrig wanneer een-tot-een konsultasies benodig word. Die Afrikaanse groepe sal derhalwe na Engelse groepe, met intydse tolking na Afrikaans, verander word.

Die Fakulteit sal die volgende nuwe modules vanaf 2025 aanbied:

- Digitale en Leierskapsvernuf vir Rekenmeesters 246 sal in enkelmedium aangebied word. Dié module vervang Digitale en Leierskapsvernuf 242. Bewysportefeuilje: Rekeningkunde 345 sal in enkelmedium (Engels) aangebied word. Hierdie veranderings maak deel uit van die Skool vir Rekeningkunde se akademiese vernuwing in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAICA) se CA2025-projek met die naam *Chartered Accountant of the Future*.
- Entrepreneurskap-inkubator en Sosiale Entrepreneurskap vervang Entrepreneurskap-inkubator 151 in die Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling. Dit is gedoen ter vernuwing van die gevorderde diploma nadat dit die eerste keer aangebied is. Dit bied studente meer buigsaamheid en kan die deurvloeikoers verhoog van hierdie studente wat leer én verdien. Die nuwe modules sal albei in enkelmedium aangebied word as deel van die hibriede program.

4) Administrasie- en bestuurstaal

Besluite rakende die administrasie- en bestuurstaal sal die bevordering van begrip en inklusiwiteit ten doel hê. In die algemeen sluit kommunikasie vir administratiewe doeleinades beide Afrikaans en Engels in, wat impliseer dat alle amptelike, geskrewe dokumente in Afrikaans en Engels sal wees. Kommunikasie met huidige en voornemende studente sal ooreenkomsdig die taalvoorkeur van 'n student in Afrikaans of Engels wees. Op nagraadse vlak sal kommunikasie egter hoofsaaklik in Engels wees, maar dit sal ook die onderrigtaal van die onderskeie departemente weerspieël.

Die taal van e-poskommunikasie tussen personeel word nie voorgeskryf nie, maar daadwerklike pogings word aangewend om in die taal te kommunikeer wat deur alle ontvangers verstaan word. Dit verminder die vertalingstyd en -koste van e-pos. In vergaderings sal die konteks van 'n vergadering en die deelnemers die voertaal bepaal.

5) Kanale vir terugvoer oor implementering

Studente en personeel kan terugvoer oor die implementering van die taalplan verskaf deur middel van die Fakulteit se bestaande studentestrukture, naamlik die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Studentekomitee (EBSK) en klasverteenvwoordigers, asook die fakulteitskomitee. Studente gebruik ook die bestaande module-terugvoermetodes. In die praktyk rig studente egter dikwels hul taalterugvoer regstreeks aan 'n dosent of die voorsitter van 'n departement en gebruik hulle slegs formele kanale indien kwessies nie opgelos word nie.

6) Ten slotte

Die Taalimplementeringsplan vir 2025 ondersteun die US se Visie 2040 en die Strategiese Raamwerk 2019 – 2024. Onvoorsiene afwykings van hierdie plan sal in ooreenstemming met die Universiteit se Taalbeleid ingedien word.

Aanhangsel A: Taalaanbod van individuele modules in 2024

Modules aangebied deur die Departement Bedryfsielkunde			
Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Bedryfsielkunde 114	1	Parallelmedium	12
Bedryfsielkunde 144	1	Parallelmedium	12
Bedryfsielkunde 214	2	Dubbelmedium	16
Bedryfsielkunde 224	2	Enkelmedium (Engels)	16
Bedryfsielkunde 252	2	Enkelmedium (Engels)	8
Bedryfsielkunde 262	2	Enkelmedium (Engels)	8
Bedryfsielkunde 314	3	Enkelmedium (Engels)	12
Bedryfsielkunde 324	3	Enkelmedium (Engels)	12
Bedryfsielkunde 348	3	Enkelmedium (Engels)	24
Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 312	3	Enkelmedium (Engels)	12
Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 344	3	Enkelmedium (Engels)	12
Mensekapitaalberekening 344	3	Enkelmedium (Engels)	12
Spesiale en diensmodules aangebied deur die Departement Bedryfsielkunde			
Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) 132	1	Enkelmedium (Engels)	6
Bedryfsielkunde (Spesiaal) 244	2	Enkelmedium (Engels)	12
Bedryfsielkunde (Spesiaal) 354	3	Enkelmedium (Engels)	12

Modules aangebied deur die Departement Ekonomie			
Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Ekonomie 114	1	Parallelmedium	12
Ekonomie 144	1	Parallelmedium	12
Ekonomie 214	2	Dubbelmedium	16
Ekonomie 244	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	16
Ekonomie 281	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	32
Ekonomie 288	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	32
Ekonomie 318	3	Dubbelmedium	24
Ekonomie 348	3	Dubbelmedium	24

Economie 381	3	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	24
Economie 388	3	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie)	24

Modules aangebied deur die Departement Logistiek			
Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Besigheidsanalitiek 214	2	Dubbelmedium	16
Besigheidsanalitiek 244	2	Dubbelmedium	16
Besigheidsanalitiek 318	3	Dubbelmedium	24
Besigheidsanalitiek 348	3	Enkelmedium (Engels)	24
Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144	1	Parallelmedium	12
Inligtingstelsels 112	1	Enkelmedium (Engels)	6
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214	2	Enkelmedium (Engels)	16
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 244	2	Enkelmedium (Engels)	16
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 314	3	Enkelmedium (Engels)	12
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 324	3	Enkelmedium (Engels)	12
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 344	3	Enkelmedium (Engels)	12
Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 354	3	Enkelmedium (Engels)	12
Operasionele Navorsing 214	2	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 244	2	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 314	3	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 322	3	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 344	3	Dubbelmedium	16
Operasionele Navorsing 352	3	Dubbelmedium	16
Projekbestuur 314	3	Dubbelmedium	24
Vervoerekonomie 214	2	Dubbelmedium	16
Vervoerekonomie 244	2	Dubbelmedium	16
Vervoerekonomie 318	3	Dubbelmedium	24
Vervoerekonomie 348	3	Dubbelmedium	24

Modules aangebied deur die Departement Ondernemingsbestuur			
Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Beleggingsbestuur 254	2	Dubbelmedium	16
Beleggingsbestuur 314	3	Dubbelmedium	12
Beleggingsbestuur 324	3	Dubbelmedium	12
Beleggingsbestuur 344	3	Dubbelmedium	12
Beleggingsbestuur 349	3	Dubbelmedium	12
Bemarkingsbestuur 214	2	Enkelmedium	16
Bemarkingsbestuur 244	2	Enkelmedium	16
Bemarkingsbestuur 314	3	Dubbelmedium	12

Bemarkingsbestuur 324	3	Dubbelmedium	12
Bemarkingsbestuur 344	3	Dubbelmedium	12
Bemarkingsbestuur 354	3	Dubbelmedium	12
Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314	3	Dubbelmedium	12
Entrepeneurskap en Innovasiebestuur 214	2	Enkelmedium	16
Entrepeneurskap en Innovasiebestuur 244	2	Dubbelmedium	16
Entrepeneurskap en Innovasiebestuur 318	3	Dubbelmedium	24
Entrepeneurskap en Innovasiebestuur 348	3	Dubbelmedium	24
Finansiële Beplanning 314	3	Dubbelmedium	24
Finansiële Beplanning 344	3	Dubbelmedium	24
Finansiële Bestuur 214	2	Dubbelmedium	16
Finansiële Bestuur 244	2	Dubbelmedium	16
Finansiële Bestuur 314	3	Dubbelmedium	12
Finansiële Bestuur 332	3	Enkelmedium	12
Finansiële Bestuur 352	3	Dubbelmedium	12
Finansiële Bestuur 354	3	Dubbelmedium	12
Ondernemingsbestuur 113	1	Parallelmedium	12
Ondernemingsbestuur 142	1	Parallelmedium	6
Strategiese Bestuur 344	3	Dubbelmedium	12
Uitruilsemester 342	3	Enkelmedium (Engels)	60

Modules aangebied deur die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Aktuariële Wetenskap 112	1	Enkelmedium (Engels)	8
Aktuariële Wetenskap 142	1	Enkelmedium (Engels)	16
Aktuariële Wetenskap 211	2	Enkelmedium (Engels)	18
Aktuariële Wetenskap 241	2	Enkelmedium (Engels)	22
Aktuariële Wetenskap 311	3	Enkelmedium (Engels)	24
Aktuariële Wetenskap 341	3	Enkelmedium (Engels)	24
Aktuariële Wetenskap 371	3	Enkelmedium (Engels)	32
Datawetenskap 141	1	Dubbelmedium	16
Datawetenskap 241	2	Enkelmedium (Engels)	16
Datawetenskap 316	3	Enkelmedium (Engels)	16
Datawetenskap 346	3	Enkelmedium (Engels)	16
Finansiële Risikobestuur 212	2	Enkelmedium (Engels)	8
Finansiële Risikobestuur 242	2	Enkelmedium (Engels)	8
Finansiële Risikobestuur 252	2	Dubbelmedium	6
Finansiële Risikobestuur 314	3	Enkelmedium (Engels)	24
Finansiële Risikobestuur 344	3	Dubbelmedium	24
Ingenieurstatistiek 314	3	Dubbelmedium	15
Renterekening 152	1	Parallelmedium	6

Statistiek 214	2	Dubbelmedium	16
Statistiek 224	2	Dubbelmedium	16
Statistiek 244	2	Dubbelmedium	16
Statistiek 318	3	Dubbelmedium	24
Statistiek 348	3	Dubbelmedium	24
Statistiek en Datawetenskap 188	1	Dubbelmedium	18
Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144	1	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 214	2	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 245	2	Dubbelmedium	8
Wiskundige Statistiek 246	2	Dubbelmedium	8
Wiskundige Statistiek 312	3	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 316	3	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 344	3	Dubbelmedium	16
Wiskundige Statistiek 364	3	Dubbelmedium	16

Modules aangebied deur die Skool vir Pblieke Leierskap

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114	1	Enkelmedium (Engels)	12
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 144	1	Enkelmedium (Engels)	12
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 212	2	Enkelmedium (Engels)	8
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 222	2	Enkelmedium (Engels)	8
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 242	2	Dubbelmedium	8
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 252	2	Dubbelmedium	8
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 314	3	Dubbelmedium	12
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 324	3	Dubbelmedium	12
Openbare en Ontwikkelingsbestuur 348	3	Dubbelmedium	24
Die volgende modules is deel van die voorgraadse diplomas wat deur die Skool vir Pblieke Leierskap aangebied word			
Ekologiese Geletterdheid 177**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Entrepeneurskap-inkubator** (nuwe module vanaf 2026 aangebied)	1	Enkelmedium (Engels)	60
Groen Ekonomie 278	2	Enkelmedium (Engels)	15
Institutionele Gedrag 142**	1	Enkelmedium (Engels)	15
Institutionele Gedrag 241**	2	Enkelmedium (Engels)	20
Institutionele Kapasiteitsbestuur 171**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Institutionele Kapasiteitsbestuur 271**	2	Enkelmedium (Engels)	20
Institutionele Prestasiebestuur 172**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Institutionele Prestasiebestuur 191**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Institutionele Prestasiebestuur 291**	2	Enkelmedium (Engels)	20
Institutionele Samewerking 182**	1	Enkelmedium (Engels)	15
Institutionele Samewerking 281**	2	Enkelmedium (Engels)	20
Internskap 379	3	Enkelmedium (Engels)	40
Navorsingsbenaderings 131**	1	Enkelmedium (Engels)	15
Ontwikkeling van Volhoubare Stede 371 (Net aangebied vir studente wat herhaal. Sal nie vanaf 2026 aangebied word nie.)	3	Enkelmedium (Engels)	10
Openbare Aanspreeklikheid 161**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Openbare Aanspreeklikheid 261**	2	Enkelmedium (Engels)	20
Openbare Finansiële Rekeningkunde 231**	2	Enkelmedium (Engels)	20

Persoonlike Gedrag en Integriteit 174**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Regeneratiewe Leierskap 177	1	Enkelmedium (Engels)	10
Regeneratiewe Leierskap 278	2	Enkelmedium (Engels)	15
Regeneratiewe Leierskap 379	3	Enkelmedium (Engels)	10
Sakeplanne en -strategieë 121**	1	Enkelmedium (Engels)	15
Sosiale Entrepreneurskap 177	1	Enkelmedium (Engels)	20
Sosiale Entrepreneurskap** (nuwe module vanaf 2026 aangebied)	1	Enkelmedium (Engels)	30
Sosiale Entrepreneurskap 278	2	Enkelmedium (Engels)	40
Sosiale Entrepreneurskap 371 (Net aangebied vir studente wat herhaal. Sal nie vanaf 2026 aangebied word nie.)	3	Enkelmedium (Engels)	10
Sosiale Entrepreneurskap 379	3	Enkelmedium (Engels)	40
Sosiale Veranderinge 278	2	Enkelmedium (Engels)	15
Strategiese Kommunikasie 177	1	Enkelmedium (Engels)	20
Strategiese Kommunikasie 278	2	Enkelmedium (Engels)	15
Strategiese Kommunikasie 379	3	Enkelmedium (Engels)	15
Toegepaste Institusionele Kapasiteitsbestuur 173**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Toegepaste Institusionele Samewerking 175**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Toegepaste Openbare Aanspreeklikheid 171**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Toegepaste Openbare Finansiële Rekeningkunde 177**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Toegepaste Voldoening en Beheer 176**	1	Enkelmedium (Engels)	20
Voldoening en Beheer 251**	2	Enkelmedium (Engels)	20
Voldoening en Beheer: Bate- en Aankopebestuur 122**	1	Enkelmedium (Engels)	15
Voldoening en Beheer: Begrotings 121**	1	Enkelmedium (Engels)	15
Volhoubaarheidsperspektiewe 177	1	Enkelmedium (Engels)	20
Volhoubaarheidsverslagdoening 379	3	Enkelmedium (Engels)	15
Volhoubaarheid in die Digitale Era 111**	1	Enkelmedium (Engels)	30
Volhoubare Ontwerp 177	1	Enkelmedium (Engels)	20
Volhoubare Ontwerp 278	2	Enkelmedium (Engels)	20
Wêreldsieninge 177	1	Enkelmedium (Engels)	15

Modules aangebied deur die Skool vir Rekeningkunde

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Belasting 298	2	Parallelmedium	24
Belasting 388	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	24
Belasting 399	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	36
Bestuursrekeningkunde 278	2	Parallelmedium	30
Bestuursrekeningkunde 288	2	Parallelmedium	24
Bestuursrekeningkunde 378	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	36
Bestuursrekeningkunde 388	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	48

Digitale en Leierskapsvernuf 112	1	Parallelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 122	1	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 142	1	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 152	1	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 162	1	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 212	2	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 242	2	Dubbelmedium	6
Digitale en Leierskapsvernuf 245 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	2	Dubbelmedium	8
Digitale en Leierskapsvernuf 312 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	3	Dubbelmedium	8
Digitale en Leierskapsvernuf 352 (nuwe module, aangebied vanaf 2024)	3	Dubbelmedium	8
Finansiële Rekeningkunde 178	1	Parallelmedium	24
Finansiële Rekeningkunde 188	1	Parallelmedium	24
Finansiële Rekeningkunde 179	1	Parallelmedium	26
Finansiële Rekeningkunde 278#	2	Parallelmedium	30
Finansiële Rekeningkunde 288	2	Parallelmedium	32
Finansiële Rekeningkunde 379#	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	45
Finansiële Rekeningkunde 389	3	Parallelmedium	48
Ouditkunde 288#	2	Parallelmedium	23
Ouditkunde 378#	3	Enkelmedium met intydse tolking na Afrikaans	23
Ouditkunde 388#	3	Parallelmedium	23
Sake-etiek 214	2	Parallelmedium	8

Modules aangebied deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Akademiese Geletterdheid vir EBW 111	1	Dubbelmedium (Sonder intydse tolking)**	12
Wiskunde vir EBW 171	1	Parallelmedium	18
Inleiding tot Ekonomie 141	1	Dubbelmedium (Sonder intydse tolking)**	12

Modules aangebied deur die Taalsentrum vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Modulenaam	Jaar	Taalspesifikasie	Krediete
Professionele Kommunikasie vir EBW 144	1	Enkelmedium (Engels)	6

#Intydse tolking word beskikbaar gestel indien die behoeftes van studente die diens regverdig en die Universiteit oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens in die module gebruik maak, word dit gestaak.

**n Omgekeerde klaskamer-benadering laat nie intydse tolking toe nie; tog staan dit studente vry om werkgroepes te skep of daarby aan te sluit. Dié groepe word dikwels volgens taalvoorkleur gevorm. Tydens terugvoer aan die groter groep vind interaksie in Engels plaas en help die dosent met vertaling waar nodig.

Uittreksel uit die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch van Desember 2021 (alle onderafdelings is van toepassing op die taalspesifikasie-opsie wat in die tabel hierbo aangedui is):

Aparte lesings in Afrikaans en Engels (A/E of Parallelmedium)

7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys doenlik en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:

7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.

7.1.3.2 Leergeleenthede soos groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika waarby studente van verskillende taalgroepe betrek word, word gebruik om integrasie in programme te bevorder.

7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of geskeduleerde tutoriale en praktika).

Sowel Afrikaans as Engels in dieselfde lesings (A+E of Dubbelmedium)

7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:

7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word, waar prakties moontlik, in die taal van die vraag beantwoord.

7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of normale, geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US gedurende elke lesing intydse tolking in die klas of aanlyn beskikbaar. Gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking op versoek van 'n fakulteit beskikbaar, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens gebruik maak, kan dit gestaak word.

Slegs een taal (A|E|X of Enkelmedium)

7.1.5 In die volgende gevalle sal lesings slegs in een taal aangebied word:

7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.

7.1.5.2 Waar die toegewese dosent onderrigvaardig is slegs in Afrikaans of slegs in Engels. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:

(a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US intydse tolking in Engels in die klas of aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar. Indien die lesings in die eerstejaarmodules in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans in die klas of aanlyn beskikbaar gedurende elke lesing. In die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking in Afrikaans in die klas of aanlyn beskikbaar op versoek van 'n fakulteit, indien die behoeftes van die studente die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens gebruik maak, kan dit gestaak word.

(b) Benewens lesings is daar toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede waar prakties moontlik (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of normale, geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels.

7.1.5.3 Waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe instem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistente oor die nodige taalvaardigheid beskik en instem om dit te doen.